**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr.: A225/2003

**<u>LLOYD MONOTO</u>** Appellant

en

**<u>DIE STAAT</u>** Respondent

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** 11 APRIL 2005

---

**<u>CORAM:</u>** MALHERBE RP *et*
VAN COPPENHAGEN R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** VAN COPPENHAGEN R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 28 APRIL 2005

---

[1] Die appellant was op 13 Julie 2001 skuldig bevind op 'n klagte van roof. Op dieselfde datum was hy ingevolge artikel 276(1)(b) van Wet 51 van 1977 gevonnis tot 7 jaar gevangenisstraf. Teen die skuldigbevinding en vonnis kom appellant in hoër beroep.

[2] In die hof *a quo* was appellant bygestaan deur ‘n prokureur.

Op appèl was appellant sonder regsverteenwoordiging en het verkies om self sy saak te beredeneer.

[3] In die verhoor was dit gemeensaak dat die klaagster, Mev. Frederika du Preez, die Inkomste Rekenmeester van Brandfort Munisipaliteit, op 16 Januarie 1998 om ongeveer 09h30 terwyl sy met kontant ten bedrae van R26 940,00 en tjeks ter waarde van R41 760,79 in ‘n Eerste Nasionale Bank seil banksak net buite die kantore, terwyl sy oppad was na haar eggenoot in sy wagtende BMW motor, van gemelde banksak met inhoud beroof was.

Die klaagster se gil het ene Ngamole, die gewese Stadsekretaris van Brandfort, se aandag getrek en tot agtervolging van die aanvaller wat tussen die Munisipale kantore en die Poskantoor ingehardloop het, aangespoor.

[4] Ngamole het getuig dat hy die persoon, spesifiek dan appellant, steeds met die geldsak in sy hand, wat die

klaagster beroof het, agtervolg het tot in die agterplaas van die Poskantoor vanwaar die appellant oor ‘n heining in die werf van Dr. Africa se spreekkamer gespring het.

Florence Morwe, Dr. Africa se klerk het appellant, wie aan haar bekend is, met ‘n banksak in sy hand agter die spreekkamer gesien hardloop.

[5] Appellant het getuig dat hy die betrokke dag in Bloemfontein was waar hy by Union Pipe werk gesoek het. Sy verweer was dus ‘n alibi.

[6] Ten aansien Ngamole het appellant aangevoer dat eersgenoemde hom valslik beskuldig omdat hy, appellant, en die getuie, in ‘n arbeidsgeskil betrokke was.

Morwe se getuienis was deur appellant afgemaak as vals omdat hy, appellant, nie op haar versoek om haar vorige werkgewers te beroof, wou voldoen nie.

[7] Op appèl het appellant aangevoer dat die landdros fouteer het deur nie die staatsgetuies se weergawes te verwerp en

sy eie weergawe te aanvaar nie.

[8] Op appèl sal nie geredelik met die verhoorhof se geloofwaardigheidsbevindings ingemeng word nie. (vgl. **REX v DHLUMAYO AND ANOTHER** 1948 (2) S.A. 677 (A) en **STAAT v FRANCIS** 1991 (1) S.A.S.V 198 (A))

Dit moet beklemtoon word dat nóg Ngamole nóg Morwe se getuienis aangaande die wyse waarop die voortvlugtende uitgeken was, en daaromtrent enige mistasting kon voorkom, in geskil was; appellant was op sy eie getuienis aan beide goed bekend.

Volgens appellant het beide voormelde persone uit nyd en wraak hom opsetlik en doelbewus valslik betrek.

Appellant se suggestie dat Ngamole en Morwe hom doelbewus valslik betrek, kan slegs gewig dra indien hulle beide toevallig op dieselfde datum en onafhanklik van mekaar besluit het om juis appellant as rower aan te wys.

> Die toevalligheid dat twee persone wat 'n wrok teen appellant koester sou besluit om 'n insident waarvan hulle nie vooraf kennis gedra het nie, te gebruik om wraak te neem, is so vergesog dat dit as onsin verwerp moet word.

Die Landdros het myns insiens tereg appellant se getuienis verwerp.

[9] Die staatsgetuienis se getuienis, veral dié van Mev. Morwe, soos op die rekord genotuleer, beïndruk en die landdros se aanvaarding van haar en Ngamole se getuienis kan nie fouteer word nie.

Op sterkte van gemelde getuienis is die skuldigbevinding in orde.

[10] Appellant se misdaadrekord begin in 1979 toe hy skuldig bevind was aan verkragting en diefstal. In 1985 was hy skuldig bevind aan roof waarna 2 skuldigbevindings aan aanranding in 1991 en 'n verdere skuldigbevinding aan aanranding in 1994 gevolg het.

Uit die vonnisse appellant opgelê blyk dit asof appellant gereeld die geleentheid gehad het om homself te rehabiliteer - soos aangedui deur die feit dat sommige van die vonnisse opgelê deels en ander in geheel opgeskort was.

[11] Die Landdros het alle vonnisopsies oorweeg asook alle faktore wat by vonnisoorweging in aanmerking geneem moet word.

Ek kon geen mistasting in die landdros se benadering tot die oplegging van die vonnis vind nie, en nog minder kan bevind word dat die opgelegde vonnis onvanpas is.

[12] Ek sou die volgende bevele maak:

1. Die appèl teen die skuldigbevinding word afgewys.

2. Die appèl teen die opgelegde vonnis word afgewys.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

Ek stem saam.

**J.P. MALHERBE, RP**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Geen verskyning (In persoon) |
| Namens die respondent: | Adv. S. Giorgi<br>In opdrag van:<br>Kantoor van die Direkteur: Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/em